**SKRIFLESING: Matteus 6 vers 9 en Romeine 8 vers 14-17**
**Tema: Sy teenwoordigheid**

Wat behels jou gesprekke met Here? Hoe praat jy met Hom? Hoe bid jy?

Ons verskil in hoe ons dink en doen in gebed. Die een ding wat waar is van ons almal is dat die vorm en inhoud van ons gesprekke met God grootliks bepaal word deur ons prentjie van God, van wie en hoe God is. My verstaan van God bepaal waaroor en hoe ek met God gaan praat. Dit kan ook die mees algemene struikelblok in 'n gesonde gespreksverhouding met God wees. Mense skryf hulself en God af, omdat hulle 'n verkeerde prentjie van God het.

In die verloop van die lewe het ons almal al verskillende prentjies van God gehad. Hierdie prentjies is deur verskeie faktore gevorm. Dit is gevorm deur mense, in besonder jou verhouding met jou pa. Dit is ook gevorm deur omstandighede en ervarings.

Wat is jou prentjie van God nou? Daar is so baie moontlikhede. Hy kan 'n liefdevolle oupa, 'n kwaai ou oom, 'n onbetrokke persoon daar ver of iemand wat ek nie verstaan nie en wat my nie verstaan nie, 'n Vader, die Almagtige, die Alwetende, ons Herder en soveel meer wees.

Die eerste ding wat Jesus vir ons in die ons Vader gebed leer, is die prentjie van hoe en wie God is met wie ons in 'n persoonlike gesprek tree.

**Skriflesing**: Matteus 6 vers 9 en Romeine 8 vers 14-17
Kom ons gaan kyk na 3 dinge: Eers gaan ons kyk na die woord **Vader**, daarna na **wat in hemel is** en ons sluit af met **ons Vader.**

**<u>Vader</u>**
In die hele Ou Testament word net 15 keer na God as Vader verwys. Nêrens word Hy in 'n persoonlike geloofsverhouding aangespreek as Vader nie. Die dissipels het groot-geword met hierdie beeld van God as Vader. Om God as Vader aan te spreek was volkome nuut. Dit was 'n beeld wat die dissipels glad nie geken het nie. 'Abba' was die mees intieme vertroulike aanspreekvorm van 'n klein Joodjie teenoor sy pa. Ons sou dit ook kon vertaal met: "pappa". In die evangelies verwys Jesus 170 maal na God as Vader.

Jesus breek dwarsdeur die destydse verstaan van God. Dit was waarskynlik skokkend vir die mense van Sy tyd. In Sy tyd het jy nie eens self met God gepraat nie. Uit vrees vir die oortree van die derde gebod, het jy deur 'n priester met Hom gepraat. Hy was onpersoonlik, onbereikbaar ver. Hy het wette neerlê en gestraf wanneer 'n wet oortree is.

Jesus bring 'n radikale nuwe prentjie van God as pappa wat ons uitnooi tot persoonlike nuwe verhouding met Hom. Hy is die troue, liefdevolle en versorgende naby-God van Wie sy kinders afhanklik is. Hoe anders lyk die prentjie wat die dissipels van God gehad het as Jesus se prentjie van God! En hierdie verskillende prentjies lei tot totaal verskillende gesprekke.

Jesus teken 'n nuwe prentjie van God met wie ons met vrymoedigheid in gesprek kan tree. As ons dink aan ons begrip van 'n vader, is daar baie verskillende prentjies van 'n vader. Van hulle is gelukkig en liefdevol, maar daar is ongelukkig ook prentjies van stukkende en slegte verhoudings.

Dié van ons wat, as gevolg van ons aardse vaders, negatiewe prentjies van 'n vader het, mag nie toelaat dat dit ons prentjie van God as Vader bepaal nie. Ons leer God as Vader ken deur Jesus Christus se verhouding met Sy Vader. Ons leer leer dat Sy Vader, en daarom ook ons Vader, naby is. Hy smag na 'n persoonlike liefdesverhouding met ons. Hy is die Een wat na ons verlang en ons, maak nie saak wat ons aangevang het nie, in Sy arms wil toevou soos die pa van die verlore seun (Lukas 15:11-32). Hy soek en gee die beste vir ons as Sy kinders. Ons kan op Sy skoot klim, met Hom gesels, kuier en by Hom stil wees. Die Heilige Gees laat ons tot Hom roep "Abba" wat pappa beteken..

Hy is God wat ons wil versorg. Hy gee nie om wanneer ek oor sogenaamde belaglike en nuttelose goed met Hom gesels nie. Hy is ons Pa wat vir ons lief is. Ek kan na Hom kom net soos ek is, met my vrese en sorge en oor die kleinste dingetjie wat my opgewonde maak met Hom praat. Hy is God wat verstaan.

<u>Hy is ook ons Vader **wat in die hemel is**</u>
God is ons Vader wat 'n intieme verhouding met ons wil hê en ons wil versorg. Maar as Hy in die hemel is, is daar dan nie afstand tussen Hom en ons nie? Is Hy dan nie ver en afwesig soos in die lied: "God is watching us from a distance", nie?

**Wat in die hemel is** sê nie soseer waar God is nie, maar hoe God is.

Die hemel is in die oudste kulture 'n simbool van die oneindige - dit wat mens nie kan bereik met jou eie pogings en prestasies nie. Jesus wil die verhewenheid, soewereiniteit en majesteit van God beklemtoon. God is die gans anderse. Hy soveel meer as wat ons verstaan. Hy is so anders, soveel groter as al ons prentjies. Sy toekoms is so anders as ons beplanning of hoopvolle berekeninge.

Hy is nie vaag en ver nie. Hy is naby , ons persoonlike God. Hy smag na 'n persoonlike verhouding met elkeen van ons. Maar Hy is ook verhewe. Hy is in die hemel. Ons kan Hom nie vaspen met ons gedagtes en beperk met ons verstaan nie. Hy is altyd meer as die moontlikhede waarmee ek hom probeer vashou. Ek kan Hom nie beheer of manipuleer nie.
In Jesaja 55:8-9 sê die Here: "My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes."

God is tegelykertyd naby en verhewe. Hy is in 'n intieme verhouding met ons en ook die Een vir wie ons in eerbied aanbid.

<u>en Hy is **ons** Vader wat in die hemel is</u>
Hy is nie net my Vader nie. Hy is **ons** Vader, want Hy het **ons** gekies. Op die berg is Hy besig om 'n klomp mense saam met die dissipels te leer. Hier is ook 'n klomp randfigure en verstote sondaars. Die God Wie ons aanbid, is egter ons almal se God. Hy het ons Sy kinders en erfgename gemaak. Hy sluit ons in in 'n baie groter familie.

**Afsluiting**
My verstaan van wie en hoe God is, bepaal my gesprek met God. Jesus gee vir ons 'n prentjie van God as **ons** **Vader** **wat in die hemel is** - dit laat maak die res van die Ons Vader-gebed meer sin. Ek kan en wil met my Pa praat oor my behoeftes en begeertes, ook oor dit wat vir ander sinneloos en belaglik lyk. Ek kan met Hom praat oor die seer wat ander my aandoen en die seer wat ek hulle aandoen. Ek kan na God toe kom net soos ek is. Ek kan met Hom praat oor die versoekings in my lewe en ook oor die goed waarmee ek worstel, skaam voel en waarvan ek hoop niemand anders weet nie. Ek kan myself aan Hom oorgee en weet dat Ons Hemelse Pa se wil vir my beter is as my wil vir myself.
**Amen**